Verwysing: 20190408-3574
Lêerno.: 3/3/2/3
Navrae: Inbelsentrum

Werwing en Keuringsminuut: 0003/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Hersiene kontrakaanstellingsproses vir inrigtingsgebaseerde opvoeders

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het die werwings-, keurings- en kontrakaanstellingsproses van inrigtingsgebaseerde opvoeders hersien.

2. Die hersiene proses het ten doel om te verseker dat:

   a) die werwings-, keurings- en aanstellingsproses regverdig plaasvind;
   b) gepas en professioneel gekwalifiseerde opvoeders op kontrak aangestel word; en
   c) slegs die beste opvoeders gewerf en aangestel word.

3. Inrigtings word toegelaat om kontrakposte te adverteer en 'n regverdige en objektiewe werwings- en keuringsproses te volg. Die hersiene proses vereis egter dat:

3.1 die vakante pos binne tien dae ná die pos vakant geword het, geadverteer word (intern, kennisgewingborde, plaaslike winkelsentrums, ens.);

3.2 die advertensie die posvereistes insluit (fase en vakaanbieding);

3.3 aansoeke deur die kortlys-proses oorweeg word. Kandidate wat gekortlys word, moet aan die vereistes van die geadverteerde pos voldoen (fase en kwalifikasie);

3.4 onderhoude met kandidate wat op die kortlys is, gereël word en die suksesvolle kandidaat/kandidate moet aan die vereistes van die geadverteerde pos voldoen (fase en kwalifikasie);

3.5 die proses deur kortlys- en onderhoudnotules gedokumenteer word;

3.6 die benoemingsdokumente vir die kontrakaanstelling 'n kopie van die advertensie **moet** insluit, asook kopieë van die notules van die werwings- en keuringsproses wat deur die voorsitter van die beheerliggaam en prinsipaal onderteken is;

3.7 die Direktoraat: Werwing en Keuring geskiktheidstoetse (sekerheidsklaring) uitvoer op alle opvoeders wat vir kontrakaanstellings oorweeg word;

3.8 die kontrakaanstellings van gepas gekwalifiseerde afgetrede opvoeders 'n kort motivering insluit wat die rede vir die herindiensneming van die afgetrede opvoeder staaf, met bevestiging dat 'n gepas gekwalifiseerde nuwe kandidaat nie beskikbaar is nie, en watter pogings aangewend is om 'n gepas gekwalifiseerde nuwe kandidaat te verwerf;

3.9 die Direktoraat: Werwing en Keuring die werkspermitte van buitelandse opvoeders met die Departement van Binnelandse Sake verifieer. **Aanstellings sal slegs goedgekeur word indien 'n gewenste uitkoms ontvang word;**

3.10 die benoemingsdokumente van die buitelandse opvoeder 'n motivering insluit wat die rede vir die aanstelling van die buitelandse opvoeder staaf, met bevestiging dat geen gepas gekwalifiseerde Suid-Afrikaanse burger beskikbaar is om die vak te onderrig nie, en watter pogings aangewend is om 'n gepas gekwalifiseerde nuwe kandidaat te verwerf; en

3.11 benoemings van afgetrede opvoeders en buitelandse opvoeders die aanbeveling van die betrokke kringbestuurder insluit.

4. Om voortgesette onderrig en leer in die klaskamer te verseker, sal korttermynkontrakaanstellings goedgekeur word terwyl die bogenoemde werwings-keurings- en aanstellingsproses verwerk word.

5. Ooreenkomstig Kollektiewe Ooreenkoms 4 van 2018, is die volgende **voorkeurvolgorde** van toepassing wat betref kontrakaanstellings:

5.1 aansoekers wat vir die eerste keer aansoek doen aan wie die werkgewer kontraktueel verplig is om hulle aan te stel ingevolge die beurs wat aan die aansoeker toegeken is en wat in die pos sal kan diens doen;

5.2 enige ander aansoekers wat vir die eerste keer aansoek doen; en

5.3 gekwalifiseerde werklose opvoeders.

6. Nominasievorms moet slegs via die *Contract Appointment Tracking* (CAT)-stelsel ingedien word. Toegang tot hierdie stelsel kan deur die Mensebestuurpraktykestelsel (MBPS) (voorheen bekend as die Menslikekapitaalverlofbestuurstelsel (MKVBS)) verkry word.

7. Hierdie proses is bedoel om die omskakelingsproses van opvoeders vanaf tydelike indiensneming na permanente indiensneming te ondersteun.

8. Die proses sal met ingang van **01 Julie 2019** in werking tree.

9. Kommunikeer asseblief hierdie belangrike inligting aan alle belanghebbendes.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2019-05-29